higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ARBEIDSVERHOUDINGE N6

(4110486)

8 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

013Q1B2008

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
   AFDELING A: 40 punte
   AFDELING B: 160 punte
   GROOTTOTAAL: 200 punte

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. AFDELING A is VERPLIGTEND.

4. Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

kollektiewe bedinging; geskil; konflik; onbeskermde staking; dissipline; KVBA; aflegging; staking; appèl; pikettering

1.1.1 'n Toestand wat bestaan enige tyd wat twee of meer mense oor 'n aangeleentheid verskil.

1.1.2 Vind plaas tussen bestuursverteenwoordiger en vakbond.

1.1.3 'n Voortslepende meningsverskil tussen werkgewer, werknemers en hul vakbonde oor enige aangeleentheid van gemeenskaplike belang.

1.1.4 Die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie

1.1.5 'n Onwettige staking wat nie aan die Wet op Arbeidsverhoudinge voldoen nie.

1.1.6 'n Handeling of optrede deur die owerheid in 'n maatskaplike stelsel wat daarop gerig is om 'n lid se optrede te stuit.

1.1.7 Die diens van 'n werknemer word beëindig weens markverliese.

1.1.8 'n Werknemer wat ná 'n dissiplinêre verhoor skuldig bevind word, het 'n reg hiertoe.

1.1.9 'n Vreedsame metode om publisiteit aan stakers se optrede te gee.

1.1.10 'n Tydelike en kollektiewe weerhouding van arbeid; die weiering om te werk kan gedeeltelik of volledig wees.

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Kollektiewe bedinging is formeel in gedesentraliseerde onderhandeling.

1.2.2 'n Wettige staking moet aan die Wet op Arbeidsverhoudinge voldoen.

1.2.3 Die werkgewer kan tydelik werk van die werknemer weerhou.

1.2.4 Die verlangsaming van produksie sonder om die bedryf van die maatskappy tot stilstand te bring, staan bekend as 'n sloerstaking.

Kopiereg voorbehou

1.2.5 ’n Staking vind plaas in twee afdelings op ’n gegewe tyd en beweeg daarna na ’n ander afdeling.

1.2.6 ’n Dissiplinêre kennisgewing van ’n verhoor moet op skrif gestel wees.

1.2.7 Opwaartse kommunikasie verteenwoordig die werkgewer by die werksplek.

1.2.8 Gedesentraliseerde bedinging vind op ’n gesentraliseerde vlak plaas.

1.2.9 Waardes verwys na die doelwitte wat deelnemers, soos die werkgewer en werknemers se vakbonde, wil bereik.

1.2.10 Konflik vind plaas wanneer die werknemer die begeerte toon om homself van werk te distansieer.

(10 × 2) (20)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Konflik kom dikwels in ondernemings in die openbare sektor voor.

Verstrek redes waarom konflik in die werksplek opgelos moet word. (5 × 2) (10)

2.2 Bespreek moontlike oorsake van konflik in die werksplek. (4 × 2) (8)

2.3 Onderskei kortliks tussen personeelkonflik en konflik in die werksplek.

(2 × 2) (4)

2.4 Verduidelik wat die rol van ’n arbiter is. (5 × 2) (10)

2.5 Bespreek VIER kenmerke van ’n grief. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3



Dag Heward Mills, 'n administrateur in diens van die Departement van Lojaliteit, was in die afgelope week altesaam vyf keer laat. Sy toesighouer het hom die eerste keer ingeroep en, sonder om enige vrae te vra, hom bloot ingelig dat hy die gedragskode oortree het. Daarna het die toesighouer aan hom 'n skriftelike waarskuwing gegee.

3.1 Noem enige SEWE beginsels van 'n dissiplinêre onderhoud. (7 × 2) (14)

3.2 Gestel 'n dissiplinêre kennisgewing moet op Dag Heward Mills bedien word. Aan watter vereistes moet dit voldoen? (8 × 2) (16)

3.3 Bespreek die doelstellings van 'n dissiplinêre prosedure. (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 Capricorn TBOO Kollege se werknemers staak. Hulle dring aan op 'n verhoging van 20% in hul lone.

Gee VYF kenmerke van 'n onbeskermde staking. (5 × 2) (10)

4.2 Bespreek die vereistes van 'n geskilbeslegting. (4)

4.3 Noem die stappe in 'n dissiplinêre verhoor. (13 × 2) (26)
[40]

VRAAG 5

5.1 Bespreek waarom kommunikasie deur middel van werknemerverteenwoordiging op aanlegvlak belangrik is. (6 × 2) (12)

5.2 Noem VYF voordele van ’n grieweprosedure. (5 × 2) (10)

5.3 Kollektiewe bedinging vind nie in ’n vakuum plaas nie. Verskeie omgewingsfaktore beïnvloed hierdie proses. Noem VYF faktore. (5 × 2) (10)

5.4 Gee voorbeelde van regsdispute. (8)
[40]

VRAAG 6

6.1 Definieer die volgende terme:

6.1.1 Bemiddeling

6.1.2 Dispuut

6.1.3 Gesentraliseerde bedinging

6.1.4 Gedesentraliseerde bedinging

6.1.5 Konflik

6.1.6 KVBA

6.1.7 Grief

6.1.8 Oorbodigheid

6.1.9 Aflegging

6.1.10 Dissipline

(10 × 2) (20)

6.2 Bespreek kortliks wat met ’n dissiplinêre kode bedoel word. (5 × 2) (10)

6.3 Gee VYF tipes kollektiewe bedinging. (5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou